Verwysing: 20190702-6322
Lêerno.: 3/3/2/4/6
Navrae: D Pillay

Omsendbrief: 0044/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, en Prinsipale

Kort opsomming: *Vroeë aftrede sonder penalisering van pensioenvoordele ingevolge artikel 10(3) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) vir opvoeders, asook artikel 16(6) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig, vir staatsdienspersoneel wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in diens geneem is.*

**Onderwerp: Vroeë aftrede van opvoeders en staatsdienspersoneel sonder penalisering van pensioenvoordele ingevolge artikel 10(3) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 en artikel 16(6) van die Staatsdienswet, 1994**

1. Soos voorsien in die 2019 Begrotingsrede deur die Minister van Finansies en ooreenkomstig die inisiatiewe van die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) en Nasionale Tesourie (soos oorgedra in die meegaande DSA Omsendbrief, gedateer 25 Februarie 2019, ook op die DSA se webwerf beskikbaar by www.dpsa.gov.za), is die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) nie by magte om *kwalifiserende* opvoeders en staatsdienspersoneel uit te nooi om aansoek te doen om vroeë aftrede sonder pensioenpenalisering ingevolge artikel 10(3) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) en artikel 16(6) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 of 1994), soos gewysig, nie.

2. Ingevolge die riglyne deur die DSA voorsien en as 'n vereiste om toegang te kry tot die befondsing wat deur Nasionale Tesourie bewillig is om die vroeë aftrede van kwalifiserende opvoeders en staatsdienspersoneel sonder pensioenpenaliserings moontlik te maak, **is** die WKOD ***verplig om ten minste een pos af te skaf vir elke twee werknemers wat deur hierdie maatreël die diens verlaat***. Met inagneming van voorgenoemde vereiste is die WKOD van mening dat die afskaffing van enige poste by openbare skole 'n negatiewe impak op die administrasie van skole asook op dienslewering sal hê. Die WKOD kan dus bevestig dat hulle nie aan hierdie proses gaan deelneem nie.

3. 'n Interne uitdienstredingsproses moet deur alle opvoeders en staatsdienspersoneel binne die WKOD wat as botallig tot die diensstate verklaar word, gevolg word. Verdere inligting oor hierdie proses sal oorgedra word sodra dit afgehandel is.

4. Bring asseblief hierdie kennisgewing onder die aandag van alle werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2019-12- 05